

22 Junie Levitikus 10:1-3

Eiewillige Godsdienst

Ons wil dikwels die Here dien soos dit ons pas. In die kerk moet ons behoeftes bevredig word anders soek ek 'n ander kerk wat aan my behoeftes voldoen. Is godsdienst daar sodat die mens bevredig kan word of is die kern van godsdienst om bo alles die eer van God te soek?

Ons skrifgedeelte gee 'n antwoord op die vrae. Nadab en Abihu se dood onderstreep die belangrikheid daarvan dat die bevel van die Here presies uitgevoer moes word in die offerdiens, veral as die heiligheid van God daardeur aangetas word. Almal wat tot die heilige God nader, moet dit doen in gehoorsaamheid en met ontsag. Hierdie eiewilligheid het bitter gevolge. 'n Ander voorbeeld is die gebeure rondom Ussa in die tyd van Dawid toe hy nie die ark volgens die bevel van die Here laat dra het nie.

Eiewilligheid vermoor die ware godsdienst. Ons kan nie God dien soos ons wil nie, maar moet ernstig in sy Woord vra hoe Hy gedien wil word. Die oproep van die Hervorming geld dus ook vandag: Terug na die Woord, terug na Bybellees, huisgodsdienst en Bybelstudie. Hierin gee Christus die leiding tot die dood aan die kruis as Hy net bid: Nie my wil nie, maar U wil.

Ons beleef tans in ons land en kerke so baie verkeerde dinge: Selvesug, selfgesentreerdheid en eie eer. Wie 'n kind van God is leer om die eie ek te kruisig en God se wil en eer te soek. Kom ons bid opreg dat dié gesindheid in ons land vaardig word.

Sing Psalm 40:4

Ds. P.A. Coetzee (Suidkus)